# ONGESIENE GEDIG

## GRAAD 8 & 9 EAT

Bestudeer die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Ek hou van jou**

Ek hou van jou
Met jou blou-blou oë
Met jou lang swart hare
En jou reguit kuif
Skugter soos 'n afvlerkduif

Ek hou van jou
Waar jy nou
tussen twee periodes
voor in die klas sag
saam met jou vriendinne lag

Ek hou van jou
Wat pouse heel bedees
met 'n boek
agter in die hoek
langs die hek sit en lees

Ek wens ek kon naderstap
En met jou praat
Net vinnig sê: Ek hou van jou
Nou maak ek net 'n simpel grap
En storm verby na die straat

Al wat ek wil hê
Al is ek te skaam
Is om by jou te gaan staan
Is om iets vir jou te sê
– Al is dit net jou naam.

Want ek hou van jou

*Nerine Ahlers*
*(Bron: Blinkertjies in Pa se baard, LAPA Uitgewers)*

1. Kyk na die titel van die gedig.
   1.1 Hoe word die titel van die gedig beklemtoon? (1)
   1.2 Wie is die spreker in die gedig? (1)
   1.3 Met wie praat die spreker? (1)
   1.4 Is die persoon met wie spreker praat, 'n meisie of 'n seun? Motiveer. (1)

2. Haal 'n voorbeeld van alliterasie in strofe 1 aan. (1)

3. Stem jy saam dat die spreker nog in die skool is? Motiveer jou antwoord met twee bewyse uit die teks. (3)

4. WAAR of ONWAAR: Die spreker is mal daaroor om te lees. Motiveer jou antwoord. (2)


5. Haal een word in strofe 5 aan wat wys dat hulle twee nog nie eintlik gesels het nie. (1)

6. Hoekom het die spreker nog nie met die aangesprokene gesels nie? (1)

7. Wat wil die spreker graag doen? Noem twee dinge. (2)

8. Hoekom sluit die gedig weer af met dieselfde woorde as die titel? (1)

**[15]**



## *Ongesiene gedig – Graad 8 & 9 HT (bl. 33)*

1.1 Dit word baie herhaal. (1)

1.2 ’n Seun wat verlief is. (1)

1.3 Hy praat (eintlik in sy gedagtes) met die meisie van wie hy baie hou. (1)

1.4 Dit wil voorkom of dit ’n meisie is, want haar kuif is lank, sy lag saam met haar vriendinne en sy lees pouse ’n boek. (1)

2. “**b**lou-**b**lou”; “**S**kugter **s**oos” (1)

3. Ja, daar is periodes, ’n klaskamer en ’n pouse – alles elemente van ’n skool. (3)

4. Onwaar. Die aangesprokene is lief vir lees. (2)

5. “naam” (“Al is dit net jou naam” – impliseer dat hy haar nog nie met haar gepraat het nie.) (1)

6. Hy is te skaam. (1)

7. Hy wil naby haar staan en net iets vir haar sê. (2)

8. Dit beklemtoon die boodskap van die gedig – hy is mal oor die meisie. (1)

**[15]**